# DIE SKIETLOOD

246e Uitgawe 16 Januarie 2026

saam met Koersvas 246

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.


**HEIDELBERGSE KATEGISMUS**
**DIE TWEEDE DEEL:**
**DIE VERLOSSING VAN DIE MENS (SONDAG 5-31)**

**Sondag 5**

**Vraag 12: Aangesien ons volgens die regverdige oordeel van God in die tyd en in die ewigheid straf verdien het, hoe kan ons van hierdie straf bevry en weer in genade aangeneem word?**

**Antwoord: God wil dat daar aan sy geregtigheid voldoen word** (Eksodus 23:7 "*en moet jy wegbly van leuens sodat jy nie onskuldiges en regverdiges doodmaak nie. Ek, die Here, vind nie 'n skuldige onskuldig nie*"; Esegiël 18:4 "*Al die mense behoort aan My, vaders en kinders is Myne. Dit is die mens wat sondig wat sal sterf*."; Matteus 5:26 "*Dit verseker Ek jou: Jy sal sekerlik nie daar uitkom voordat jy die laaste sent betaal het nie*."; 2 Tessalonisense 1:6 "*God is tog regverdig: die mense onder wie julle nou so ly, sal Hy as straf ook laat ly*"; Lukas 16:2 "*Hy ontbied hom toe en sê vir hom: 'Wat is dit wat ek van jou hoor? Gee verslag van jou bestuur van sake, want jy kan nie langer bestuurder wees nie*"). **Daarom moet ons óf deur onsself óf deur 'n ander ten volle betaal.** (Romeine 8:4" *Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, óns wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees.")*.

**KOMMENTAAR**
**Vraag:** Die Wet oortuig ons van sonde, en hierdie sonde lei tot die ewige verdoemenis. Dit is 'n desperate situasie. Is daar uitkoms? Vir minder as tien persent van die jaar was die fokus op sonde. Die aandag verskuif nou na die verlossing van die mens. Al is die sonde 'n baie belangrike plek om te begin in ons nadenke oor die mens, is die verlossing 'n groter werklikheid vir hulle wat in die Here glo en lewe. Oortuig van die sonde en gevolglike ewige verdoemenis, is die volgende vraag na die hoop en moontlikheid van versoening. Vraag 12 ondersoek die moontlikheid van <u>**verlossing**</u> en nuwe lewe.

**Antwoord**: Galasiërs 3:10 stel "*Maar almal wat staatmaak op die onderhouding van die wet, val onder die vloek, want daar staan geskrywe: Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie*." Dit maak dit duidelik dat alle mense in die nood van dood lewe. Die krisis behoort aan almal. Hoe kan daar vir hierdie sonde betaal word? Jy moet dit of self doen, of iemand kry wat bereid is om namens jou te betaal. Hier kan nie van paaiemente gepraat word nie, hier kan ook nie van 'n hupstoot gepraat word nie. Die dood kom nie in fases nie, dit kom skielik en eenmalig. Gedeeltelike betaling kan nie die dood tydelik weghou totdat die res betaal kan word nie. Die mens se situasie is so ellendig dat die betaling eenmalig gedoen moet word, deur die mens self, of iemand wat bereid is om eenmalig alles te betaal.

Self is die mens totaal verlore in die skuld, sonder enige moontlike

betaalmiddel of betaal geleentheid. Die betaling sal deur iemand anders gedoen moet word. In God se genade word hierdie moontlikheid nou ‘n werklikheid. Hoe is hierdie **verlossing** moontlik en hoe word dit bewerkstellig? Om dit te antwoord, moet ‘n paar sake eers ondersoek word.

Alle mense is slawe van die sonde. ***Verlossing*** moet as ‘n proses-woord verstaan word, wat lei tot ‘n nuwe lewenstaat. Verlossing loop uit op verlos wees. Dit is die proses of gebeurtenis wat ‘n mens van gevangenisskap lei tot vryheid. Hierdie is egter relatief vae begrippe, dit is nodig dat ons die aard van die mens se gevangenisskap omskryf en derhalwe die aard van die verlossings meganisme raaksien. Die mens se ellende is nie net die slawerny van sonde nie, dit is ook straf vir hierdie sondigheid. Anders gestel, die ellende van die mens is dubbel; vasgevang in sonde en dan nog gestraf vir daardie sonde. Die verlossing moet derhalwe ook ‘n dubbel-werking hê; die mens se sonde moet vergewe word (betaal word) en die mens se ellende en die dood moet verwyder word. Is dit moontlik?

Daar is net een antwoord; in God is dit moontlik. Hierdie stelling word moontlik gemaak deur die aard van God. God se goedheid en genade sal nie toelaat dat daardie verskriklike uiteinde plaasvind en die totale mensdom vir ewig verlore is nie. Daarmee saam is dit vir God moontlik om, binne Sy onmeetlike wysheid, ‘n meganisme te bepaal wat Sy genade aan die mens openbaar - sonder om Sy geregtigheid te misken. God se almag wat in Sy skepping duidelik is, is medebepalend. In SY almag het Hy alles uit niks geskep, met net woorde as skeppings instrument. In Sy almag kan Hy wat die mens as Sy beelddraer geskep het, immers die mens red uit die vernietiging van die sondeval (Jesaja 59:1 “*Die arm van die Here is nie te kort om te help nie en sy oor is nie te doof om te hoor nie*”).

Waar leer ons van hierdie verlossing? Die menslike rede kan nie uit eie argument en denke ‘n antwoord gee nie. Sonder die spesiale openbaring en belofte, sou nog Adam, nog enige mens daarna, die antwoord kon gee. Deur die eeue heen was dit so; hulle wat uit eie beweging die saak ondersoek het, het telkens geen antwoord gehad nie. Dit is die in Evangelie, eers in die vorm van beloftes en waarborge in die Ou Testament, en dan in die werklikheid van Here Jesus se koms, lewe, sterwe en opstanding wat die antwoord duidelik word. Daarmee saam moet hierdie Evangelie aan ons openbaar en verduidelik word. Die Moederbelofte (Genesis 3:15 “Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt”), is die begin van die geskiedenis van die verlossing. Die hele heilsgeskiedenis is relevant tot die antwoord oor die vraag na ons verlossing.

Die vraag na die sekerheid van hierdie verlossing sal volgende keer ondersoek word.